GRAANHANTERINGSORGANISASIE VAN SUIDER-AFRIKA

KONSTITUSIE

1. WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie dokument, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken:

1.1. Bedryf

Alle instellings en individue wat direk of indirek betrokke is by die hantering, opberging, bemarking, distribusie en verwerking van graan.

1.2. Jaarliks, per jaar en jaar

Die boekjaar van die Organisasie wat strek van 1 Julie tot 30 Junie (12 maande).

1.3. Konstitusie

Hierdie dokument wat die reëls en regulasies van die Organisasie bevat.

1.4. Lid

'n Lid soos in klousule 5 uiteengesit.

1.5. Organisasie

Die Graanhanteringsorganisasie van Suider-Afrika.

1.6. Raad

Die liggaam verkies kragtens klousule 6.

1.7. Suider-Afrika

Die Republiek van Suid-Afrika en naburige state.

2. NAAM EN STATUS

Die Organisasie staan bekend as die Graanhanteringsorganisasie van Suider-Afrika (verkorte vorm GOSA).

Die ligging van die administratiewe kantoor word deur die Raad besluit.

Die Organisasie is verteenwoordigend van sy lede.

Die Organisasie het geen bates behalwe dit wat nodig is om uitvoering te gee aan sy hoofdoelstelling en hoofbesigheid nie.

Die Organisasie word met regspersoonlikheid beklee wat regte en verpligtinge het, maar geensins vir eie gewin van lede sal optree nie.

Die Organisasie sal te alle tye onpartydig en sonder diskriminasie optree en sal nie sy invloed misbruik om iemand te bevoordeel in ander vlakke van besigheid nie.

Die amptelike tale van die Organisasie is Afrikaans en Engels en die besigheid van die Organisasie kan in enige taal gevoer word.

3. HOOFDOELSTELLING

Die hoofdoelstelling van die Organisasie is om ‘n omgewing te skep waarbinne die hanterings-, opbergings-, bemarkings-, finansierings-, distribusie, verwerkings- en aanverwante bedrywe hul rol effektief kan vervul.

4. HOOFBESIGHEID

Die hoofbesigheid van die Organisasie ter bevordering van die hoofdoelstelling is die volgende:

4.1. Die daarstel van ‘n forum vir die ordening en uitruiling van inligting en kennis ter bevordering van die bedryf.

4.2. Die daarstel van standaarde vir die opleiding van personeel in die bedryf en die koördinering van opleiding.

4.3. Die versamel, interpreteer en versprei van inligting as neutrale objektiewe onderneming aan die bedryf.

4.4. Koördineer kundigheid tot voordeel van die bedryf.

4.5. Bevorder welwillendheid binne die bedryf.

5. LIDMAATSKAP EN GELDE

5.1. Lidmaatskap

Individue wat direk of indirek betrokke is by die bedryf kan lid van die Organisasie word.

Ondernemings wat direk of indirek betrokke is by die bedryf kan lid van die Organisasie word en moet individu/e benoem om hom by die Organisasie te verteenwoordig.

Aansoek om lidmaatskap moet op die vorm vir die doel verskaf, gedoen word.

Die Raad het die reg om aansoeke vir lidmaatskap aan te neem of te weier sonder verstrekking van redes.

Die Raad moet binne drie (3) maande na ontvangs van ‘n aansoek vir lidmaatskap die aansoeker van sy besluit in kennis stel. Indien die aansoek geweier word, moet die ledegeld wat kragtens klousule 5.3 betaalbaar is, terugbetaal word.

5.2. Klassifikasie van lidmaatskap

Lidmaatskap van die Organisasie word as volg geklassifiseer:

5.2.1. Stemgeregtigde Lid

Is ‘n individu, soos in 5.1 uiteengesit of ‘n individu wat ‘n akademiese kwalifikasie of ondervinding in die bedryf het wat vir die Raad aanvaarbaar is, wat ‘n inwoner is van Suid-Afrika en wie se aansoek ondersteun word deur twee lede van die Organisasie.

5.2.2. Internasionale Lid

Is ‘n individu wat direk of indirek betrokke is by die bedryf, maar wat nie in Suid-Afrika woonagtig is nie. So ‘n lid het nie stemreg nie en is nie verkiesbaar tot enige amp in die Organisasie nie.

5.2.3. Erelid

Is ‘n individu wat ‘n besondere bydrae in belang van die bedryf gelewer het en deur die Raad as erelid aangewys is.

Geen ledegelde is deur ‘n erelid betaalbaar nie.

5.3. Ledegelde

Alle lede, uitgesluit erelede, moet jaarliks ledegelde betaal, die bedrag wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

In die geval van ondernemings wat lid is, moet ledegeld ten opsigte van elke individu wat hom verteenwoordig, jaarliks betaal word.

Ledegelde is betaalbaar op 1 Julie van elke jaar.

5.4. Beëindiging van lidmaatskap

‘n Lid kan uit die Organisasie bedank deur ‘n skriftelike bedanking aan die Raad te stuur.

‘n Lid wie se ledegeld met meer as ses (6) maande agterstallig is, kan deur die Raad van die lederegister geskrap word en sodanig verwittig word.

‘n Lid wat nie sy verpligtinge teenoor die Organisasie nakom nie, kan deur ‘n besluit van die Raad van die lederegister geskrap word.

Ledegeld van lede wat bedank of wat van die lederegister geskrap word, is nie terugbetaalbaar nie.

5.5. Lederegister

Die Organisasie moet ‘n register van lede en hulle adresse by sy administratiewe kantoor hou. Stigterslede van die Organisasie moet duidelik in die register getoon word.

6. DIE RAAD

6.1. Bestuur

Die werksaamhede van die Organisasie word deur die Raad bestuur. Die Raad het kragtens die bepalings van hierdie konstitusie die bevoegdhede om die hoofbesigheid van die Organisasie uit te voer.

6.2. Samestelling van die Raad

Die Raad bestaan uit:

- Verkose lede
  - Die President.
  - Die Vise-President.
  - Die Tesourier.
  - Vyf lede.
- Addisionele lede met stemreg
  - Die voorsitter van elke Tak of sy verteenwoordiger.
- Gekoöpteerde lede
  - ‘n Maksimum van twee stemgeregtigde lede mag deur die Raad gekoöpteer word.

6.3. Verkiesing van die Raad

Die agt verkose lede van die Raad word vir ‘n periode van twee jaar met vier en vier lede onderskeidelik per jaar verkies.

‘n Kennisgewing waarin nominasies gevra word vir lede van die Raad moet minstens ses (6) weke voor die Algemene Jaarvergadering aan elke stemgeregtigde lid gestuur word.

Nominasies is beperk tot stemgeregtigde lede. Nominasies moet gesekondeer word deur ‘n stemgeregtigde lid.

Elke nominasie moet gesteun word deur ‘n skriftelike verklaring deur die genomineerde waarin hy sy bereidwilligheid te kenne gee om op die Raad te dien.

Nominasies moet minstens drie (3) weke voor die Algemene Jaarvergadering by die Sekretaris ingedien word.

Indien die aantal nominasies minder of gelyk is aan die aantal in hierdie klousule bepaal, word die lede verkose verklaar.

Indien die aantal nominasies meer is as die aantal in hierdie klousule bepaal, sal verkiesing tydens die Algemene Jaarvergadering by wyse van stemming per stembrief plaasvind.

Die Raad het die bevoegdheid om lede te koöpteer om vakatures te vul.

6.4. Verkiesing van ampsdraers

Die Raad verkies onder sy lede, uitgesluit gekoöpteerde lede, die President, Vise-President en Tesourier tydens die eerste vergadering van die Raad wat volg na die Algemene Jaarvergadering.

Elk van die ampte van President, Vise-President en Tesourier moet deur twee lede van die Raad genomineer word. Indien meer as een lid van die Raad genomineer word, word ‘n stemming per stembrief gehou.

6.5. Vergaderings

Vergaderings van die Raad moet minstens twee keer per jaar plaasvind.

‘n Vergadering van die Raad kan op versoek van die President of na skriftelike versoek deur minstens twee Raadslede plaasvind.

Die President tree op as voorsitter van die vergadering van die Raad.

6.6. Kworum

Vier verkose lede van die Raad vorm ‘n kworum by alle vergaderings van die Raad.

6.7. Verbeuring van lidmaatskap van Raad

‘n Lid van die Raad wat sonder toestemming afwesig is van twee opeenvolgende vergaderings van die Raad, hou op om lid van die Raad te wees en die Raad moet sodanige lid skriftelik daarvan verwittig.

7. MAGTE, PLIGTE EN VERRIGTINGE VAN DIE RAAD

7.1. Bykomende magte

Vir die bevordering van die doelstellings en toepassing van die beleid van die Organisasie, het die Organisasie die volgende bykomende magte wat deur die Raad uitgeoefen sal word.

7.1.1. Om bates soos wat nodig geag mag word vir die doeleindes van die Organisasie te koop, te huur of andersins aan te skaf.

7.1.2. Om al of enige deel van die Organisasie se bates te bestuur, te verbind, te verhuur, te verkoop of andersins daarmee te handel.

7.1.3. Om ‘n rekening of rekenings by ‘n bank te open en om wissels, tjeks, promesses en ander verhandelbare stukke te trek, te aksepteer en te endosseer.

7.1.4. Om geld te leen of op krediet te neem met enige sekuriteit, insluitende verbinding van die Organisasie se bates, of deur ‘n oortrekking by sy bank.

7.1.5. Om gelde van die Organisasie wat nie onmiddellik benodig word vir enige van sy doelstellings of verpligtinge nie, op so ‘n wyse te belê soos van tyd tot tyd bepaal mag word, met dien verstande dat die inkomste of winste uit beleggings aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Organisasie.

7.1.6. Om sodanige versekering te reël as wat nodig mag wees vir die beskerming van die Organisasie se eiendom.

7.1.7. Om polisse van versekering te verkry wat die Organisasie skadeloos stel teen toevallige verliese of eise hoe dit ook al ontstaan.

7.1.8. Om werknemers in diens te neem en te ontslaan. Dit sluit in ’n sekretaris, algemene bestuurder en enige ander amp soos verlang.

7.1.9. Om sodanige komitees aan te stel as wat nodig mag wees en sulke magte aan komitees oor te dra na goeddunke.

7.1.10. Om kontrakte aan te gaan vir die publisering van publikasies.

7.1.11. Om regsgedinge in die naam van die Organisasie in te stel, en om ‘n regsgeding wat teen die Organisasie ingestel word, te verdedig of te bestry en om vir daardie doel die dienste van prokureurs en advokate te verkry en hulle gelde te betaal.

7.1.12. Om takke te stig in sulke gebiede as wat wenslik mag blyk.

7.1.13. Om ’n rekenmeester, wat geregistreer is by ’n professionele liggaam, aan te stel om jaarliks die finansiële state op te stel en te onderteken.

8. ALGEMENE VERGADERINGS

8.1. Algemene vergaderings

Algemene vergaderings van die Organisasie word gehou op sodanige plek en tyd soos deur die Raad bepaal.

8.2. Jaarlikse Algemene Vergadering

Die Jaarlikse Algemene Vergadering van die Organisasie moet binne twaalf maande na die einde van die boekjaar gehou word op die plek en tyd soos deur die Raad bepaal, om:

8.2.1. Die balansstaat, inkomstestaat en die rekenmeester verslag te oorweeg.

8.2.2. Die verslag van die Raad te oorweeg.

8.2.3. Raadslede te kies.

8.2.4 Te besin oor die aanwending van enige surplusfondse met dien verstande dat enige surplus slegs aangewend mag word ter bevordering van die hoofdoelstelling en geen verdeling daarvan gedoen mag word nie.

8.3. Spesiale vergaderings

'n Spesiale Vergadering van die Organisasie word byeengeroep:

8.3.1. Wanneer die Raad dit nodig ag.

8.3.2. Op skriftelike versoek aan die Raad onderteken deur minstens twintig lede van die Organisasie, op welke vergadering sake wat uitdruklik in die versoek uiteengesit is, behandel word. As die Raad versuim om binne een en twintig dae na die indiening van so 'n versoek 'n Spesiale Vergadering byeen te roep en om die vergadering te hou binne een en twintig dae na die datum van uitreiking van sodanige kennisgewing, kan die ondertekenaars van die versoek so 'n vergadering byeenroep.

Enige redelike onkoste wat deur die ondertekenaars van die versoek aangegaan is met die verkryging van die name en adresse van lede, met die uitstuur van kennisgewings van die vergadering en met die huur van 'n plek waar die vergadering gehou word, indien aldus deur so 'n vergadering besluit deur die Organisasie aan die ondertekenaars van die versoek terugbetaal.

8.4. Kennisgewing van vergaderings

8.4.1. Alle vergaderings word byeengeroep deur kennisgewings aan die lede minstens een en twintig dae voor die datum vasgestel vir die vergadering. Sodanige kennisgewing moet in 'n vorm wees soos deur die Raad bepaal en moet die datum, die plek en die tyd van die vergadering en die aard van die te verrigte sake aangee. Nie-kennisname van 'n kennisgewing deur 'n lid maak die verrigtinge op so 'n vergadering nie ongeldig nie.

8.5. Voorsitter

Die President, of in sy afwesigheid die Vise-President, tree as voorsitter van 'n Algemene vergadering op tensy die vergadering by besluit anders bepaal.

8.6. Kworum

8.6.1. Minstens twintig stemgeregtigde lede vorm 'n kworum by enige Algemene vergadering.

8.6.2. Geen sake word op 'n Algemene vergadering behandel nie tensy 'n kworum van lede aanwesig is op die tydstip waarop die vergadering met sy sake begin.

8.6.3. Indien binne 'n uur na die tyd vir die vergadering aangewys 'n kworum nie aanwesig is nie, word die vergadering, indien belê op aanvraag van lede ontbind; in enige ander geval word die vergadering verdaag tot dieselfde dag in die week wat volg op die dag van die vergadering of as daardie dag 'n openbare vakansiedag is tot die eersvolgende dag daarna wat nie 'n openbare vakansiedag is nie. Indien by so 'n verdaagde vergadering 'n kworum nie binne 'n uur na die aangewese tyd vir die vergadering aanwesig is nie, is die lede

aanwesig persoonlik of deur ‘n gevolgmagtigde, ‘n kworum.

8.7. Stemming

8.7.1. Enige saak wat op ‘n Algemene vergadering vir beslissing voorgelê word, sal deur stemming deur die opsteek van hande beslis word, tensy ‘n stemming per stembrief (voor of op die verklaring van ‘n stemming met die opsteek van hande) versoek word.

8.7.2. Tensy stemming per stembrief versoek word, sal ‘n verklaring deur die voorsitter dat die besluit deur die opsteek van hande, eenparig of deur ‘n bepaalde meerderheid aangeneem is, of dat dit verwerp is en ‘n inskrywing in die sin in die notule van die verrigtinge van die vergadering sal afdoende bewys daarvan wees, sonder bewys van die aantal of die verhouding van die stemme vir of teen so ‘n besluit uitgebring.

8.7.3. ‘n Stemming per stembrief sal gehou word wanneer twee of meer lede van die vergadering dit versoek.

8.7.4. By stemming met die opsteek van hande het elke stemgeregtigde lid een stem. By stemming per stembrief sal elke teenwoordige stemgeregtigde lid ‘n addisionele stem hê vir elke volmag wat hy namens ‘n gevolmagtigde stemgeregtigde lid hou. Indien enige stemgeregtigde drie of meer volmagte het, sal stemming per stembrief plaasvind.

8.7.5. ‘n Volmag sal wees in die vorm soos wat van tyd tot tyd deur die Organisasie bepaal word. ‘n Volmag moet deur die stemgeregtigde lid wat die volmag gee, onderteken word en moet minstens 48 uur voor die tyd van ‘n vergadering aan die Sekretaris voorgelê word. ‘n Volmag is slegs geldig vir die vergadering wat daarin vermeld word.

8.8. Stemming deur die pos

Benewens die voorsiening vir ‘n posstemming soos bepaal in hierdie Konstitusie, hou die Raad waar hy dit wenslik ag, ‘n posstemming oor enige aangeleentheid of geskilpunt aangaande die Organisasie.

9. NOTULE

Die Raad moet notule laat hou van:

- Die name van die lede van die Raad wat op elke vergadering van die Raad aanwesig is.
- Alle verrigtinge op alle vergaderings van die Raad en die Organisasie.

Sodanige notule moet deur die voorsitter van die vergadering waarop die verrigtinge plaasgevind het of deur die voorsitter van die eersvolgende vergadering onderteken word.

10. REKENINGKUNDIGE REKORDS

Die Raad moet die rekeningkundige rekords van die Organisasie laat hou. Die rekeningkundige rekords moet by die administratiewe kantoor van die Organisasie of by ’n ander plek of plekke wat die Raad goeddink, gehou word en moet altyd ter insae van die lede van die Raad beskikbaar wees. ’n Geregistreerde Rekenmeester sal vir die doel deur die Raad aangestel word.

11. VERSEKERING

Die Organisasie se geldelike belange word gedek deur ‘n versekeringspolis wat persone dek wat betrokke is by die versekerde se aktiwiteite rakende die insameling, hantering en/of uitbetaling van fondse. Die bedrag van sodanige versekering sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

12. AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

Geen raadslid sal aanspreeklik wees of verantwoordelik gehou word vir enige verlies of skade wat veroorsaak is of wat ontstaan het as gevolg van welke rede ookal nie, behalwe of tensy so ‘n verlies of skade ontstaan het as gevolg van of te weeg gebring is deur sy/haar eie persoonlike en opsetlike oneerlikheid.

Geen raadslid sal aanspreeklik wees vir enige optrede of bedrog gepleeg deur enige ander raadslid nie tensy hy/sy medepligtig was.

13. TAKKE

13.1. Stigting van takke

13.1.1. Om die doelstellings van die Organisasie in ‘n gebied te bevorder, kan die Raad na sy goeddunke, ‘n tak van die Organisasie binne sodanige gebied stig en beheer. Behalwe in spesiale omstandighede word ‘n tak nie gestig nie tensy ‘n skriftelike versoek daartoe ontvang is van minstens twintig stemgeregtigde lede woonagtig binne sodanige gebied.

13.1.2. Die Raad kan van tyd tot tyd aan Takke sodanige fondse toewys as wat die Raad wenslik mag ag.

13.2. Samestelling van tak

13.2.1. ‘n Tak bestaan uit alle lede wat woonagtig is binne die gebied van sodanige tak, soos van tyd tot tyd deur die Raad omskryf word.

13.2.2. In spesiale omstandighede en na goedkeuring van die Raad, mag ‘n lid geregistreer word by ‘n tak van sy eie keuse met dien verstande dat ‘n lid nie by meer as een tak geregistreer mag wees nie.

13.3. Takreëls

Takke bestuur hulle sake in ooreenstemming met die Konstitusie en die takreëls. Sodanige reëls en wysigings daarvan moet deur die Raad goedgekeur word.

13.4. Takkomitee

Elke tak verkies jaarliks uit sy stemgeregtigde lede ‘n takvoorsitter, ‘n taksekretaris, en ander lede soos bepaal in die takreëls, om ‘n takkomitee te vorm. Sodanige verkiesings is deur ‘n stemming van die stemgeregtigde lede teenwoordig by ‘n vergadering van die tak uitdruklik belê vir die doel, welke prosedure in die takreëls voorsien word.

13.4.1. Takkomitees het sodanige mag om komiteelede te koöpteer, soos bepaal word in die takreëls.

13.4.2. Die takvoorsitter of sy verteenwoordiger verteenwoordig die tak op die Raad.

13.5. Vergaderings van takke

Takke moet minstens twee maal per jaar vergader.

13.6. Jaarverslag van takke

Elke takkomitee moet jaarliks aan die Raad ‘n verslag voorlê van die bedrywighede en uitgawe van die tak vir die voorafgaande jaar.

13.7. Ontbinding van takke

Die Raad het die mag om na oorlegpleging met die takkomitee, ‘n tak te ontbind as die lidmaatskap van sodanige tak laer as tien daal of as sodanige optrede om enige ander rede in die belang van die Organisasie beskou word.

By ontbinding moet alle takfondse aan die Organisasie oorbetaal word. Indien sodanige tak weer binne 5 jaar in die lewe geroep word, mag sodanige fondse weer in die Raad se diskresie aan die tak oorbetaal word.

14. WYSIGING VAN KONSTITUSIE

Die Konstitusie word slegs gewysig as die voorgestelde wysiging deur ‘n twee-derde meerderheid van stemgeregtigde lede op ‘n Algemene Jaarvergadering aanvaar word, met dien verstande dat geen voorstel vir die wysiging van die Konstitusie na stemming verwys word nie, tensy dit ondersteun word deur die Raad of deur die handtekening van minstens twintig stemgeregtigde lede. Alle sodanige voorstelle vir wysiging van die Konstitusie word skriftelik aan die Sekretaris gerig wat reël dat dit op die eersvolgende Algemene Jaarvergadering voorgelê word vir oorweging. Die voorgestelde wysigings vergesel van die sienswyse van die Raad word saam met die vergaderingstukke aan lede gestuur.